26 witrugaasvoëls sterf, 6 oorleef ná hulle vergiftig is

Neels Jackson

Altesame 26 dood en 6 gered.

Dít was gister die telling nadat 'n groot groep witrugaasvoëls vroeër vandeesweek naby Delareyville in Noordwes vergiftig is.

Dr. Gerhard Verdoorn, direkteur van Birdlife SA, het gesê 'n boer van die omgewing het die dooie en sterwende aasvoëls in die veld opgemerk.

Toe 'n amptenaar van die provinsiale bewaringsowerhede op die toneel kom, was 21 aasvoëls reeds dood en nog 11 het nog geleef.

Hulle is gevang en na Impacting Society, die aasvoëlprogram van die renoster-en-leeubewaringsprojek naby Krugersdorp, geneem waar me. Kerri Wolter van die aasvoëlprogram en dr. Paul Bartels, 'n veearts, hulle sou probeer red.

Vier van die aasvoëls was by hul aankoms reeds dood en nog een het later gevrek.

Wolter was aanvanklik oor veral twee van die oorblywende ses aasvoëls bekommerd.

Sy het hulle egter met 'n teenmiddel vir arseen begin behandel nadat toetse op Onderstepoort daarop gedui het dat dit die gif kon wees wat hulle ingekry het.

Teen gistermiddag was al ses die oorlewende aasvoëls buite gevaar.

Wolter meen hulle kan binne 'n week of twee weer vrygelaat word.

Die voëls is by 'n skaapkarkas gevind, maar volgens Wolter het die boer op wie se grond hulle gevind is, ontken dat hy die karkas vergiftig het.

Verdoorn het gesê dit gebeur nou so een of twee keer per jaar dat tientalle aasvoëls op dié manier in een voorval vergiftig word.

Dit is baie beter as jare gelede toe dit maandeliks gebeur het, maar die aasvoëls kry steeds baie swaar.

Verdoorn het gesê die uitsit van gif op dié manier om probleemdiere soos jakkalse uit te wis, iś totaal onaanvaarbaar.

Daar is 'n klomp ander maniere waarop boere só 'n probleem kan takel en daar is talle plekke waar hulle raad kan vra.

Om gif in 'n karkas uit te sit, is Middeleeus, het hy gesê. Dit kan 'n hele broeibevolking van aasvoëls uitwis.

■ **njackson@beeld.com**

Me. Kerri Wolter behandel een van die witrugaasvoëls wat vroeër vandeesweek in Noordwes vergiftig is. Foto: THEANA CALITZ